**As julle My verbond nakom...**

**Eks 19:1-8**

**28 April 2024**

1. Vantevore: Water-uit-die-rots gebeure dui op noodsaak aan hoëpriesterlike werk – Jesus is die ware Hoëpriester. Oorlog teen die Amalekiete dui op noodsaak aan koninklike leiding – Jesus is die Opperkoning wat in die hemel sit. Moses se regsprake tydens Jetro se besoek dui op noodsaak aan die verstaan van God se wil – Jesus is die ware Profeet wat die Vader aan ons kom bekend maak.
2. Die aankoms van die volk Israel by die berg Sinai (Eks 19:1-2)
    a. Arriveer by Sinai drie maande na die uittog (v1), het bykans 'n jaar daar gebly (Num 10:11)
    b. Was vervulling van die teken aan Moses by die brandende doringbos (Eks 3:12) – bevestiging dat die volk hier is met 'n doel
3. Moses se eerste besoek aan die Here op die berg Sinai (Eks 19:3-8)
    a. Die Here praat met Moses om boodskap aan Israel, huis van Jakob, te gee (v3, 6)
    b. Wat die Here reeds gedoen het (Eks 19:4)
        - Egiptenare getref met die 10 plae, laat verdrink in die Rietsee
        - Die volk op arendsvlerke na Hom gebring: belofte aan Abraham (Gen 12:2), beloof om uit Egipte te verlos (Gen 15:13-16), beloof Hy sal hulle God wees (Gen 17:6-8), hulle is Sy eersgbeore seun (Eks 4:22-23), hulle is Sy volk (Eks 6:6), gedra deur 10 plae, Rietsee, Mara, Sinwoestyn, Refidim
        - Gelowiges is reeds uitverkies (Ef 1:4), aangeneem as kinders (Ef 1:5), eersgeborenes (Heb 12:23), geregverdig
    c. Die verdere beloftes van die Here (Eks 19:5b-6a)
        - Volk sal Here se persoonlike eiendom wees ("treasured possession") (v5b)
            - Hulle gaan die heel kosbaarste wees in die skepping
            - Gelowiges is die Here se eie volk (Tit 2:14)
        - Volk sal koninkryk van priesters wees (v6a)
            - Die Here is hulle Koning (Deut 33:5), en hulle onderkonings
            - Priesters bewerk toegang tot die Here
            - Gelowiges is ook priesters en konings (1 Pet 2:9, Op 1:6, 5:10, Rom 12:2, Op 3:21, Op 20:6)
        - Volk sal 'n heilige nasie wees (v6a)
            - Hulle was nog nie heilig nie, maar die Here sal hulle heilig maak
            - Gelowiges word ook geheilig (2 Pet 1:4, Ef 5:26-27)
    d. Wat die Here van die volk verwag (Eks 19:5a)
        - Getrou na die Here se stem luister en Sy verbond nakom
        - Wetsonderhouding is nie die manier om deel te kry aan verbond nie, wel die manier om voordele van verbond te geniet
        - Goeie werke is meer as net dankbaarheid vir verlossing (HK Sondag 32)
        - Goeie werke is om vervulling van volle beloftes te ontvang
        - Belangrike rol van die Heilige Gees (Eseg 36:27)
    e. Die reaksie van die volk (Eks 19:7-8)
        - Die hele volk antwoord eenparig: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen"
        - Gelowiges streef opgewonde na gehoorsaamheid o.l.v. die Heilige Gees